

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:

Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

Dan moet ek juig, my Redder en my God!

Hoe groot is U; hoe groot is U!

Want deur die hele skepping klink dit saam:

Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.

Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.

O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Geseënd is hulle . . . ?

Skriflesing: Matteus 5:1-12

Broodjies vir die pad

“The soul of man, left to its own natural level, is a potentially lucid crystal left in darkness. It is perfect in its own nature, but it lacks something that it can only receive from outside and above itself. But when the light shines in it, it becomes in a manner transformed into light and seems to lose its nature in the splendor of a higher nature, the nature of the light that is in it.”

— Thomas Merton, The Seven Storey Mountain

“God changes his appearance every second. Blessed is the man who can recognize him in all his disguises.”

— Nikos Kazantzakis, Zorba the Greek

“What hurts you, blesses you. Darkness is your candle.”

— Rumi

“True happiness is to enjoy the present, without anxious dependence upon the future, not to amuse ourselves with either hopes or fears but to rest satisfied with what we have, which is sufficient, for he that is so wants nothing. The

greatest blessings of mankind are within us and within our reach. A wise man is content with his lot, whatever it may be, without wishing for what he has not.”

— Seneca

Is ons geloof in 'n god bloot brein-evolusie?

Wilhelm Jordaan

Is geloof in 'n god nie maar net 'n produk van evolusie nie, is 'n vraag wat by ál meer mense opkom.

Vir die meeste tradisionele gelowiges, wat ook al hul godsdienstige denominasie, is die vraag nie ter sake nie, want vir hulle het die “God” in hul godsdienste met evolusie niks te doen nie. God het alles geskep soos dit is. Finish en klaar.

Tog is daar 'n ander manier om oor 'n god, godsdienste en evolusie te dink: Om 'n godsdienste, tesame met die leerstellings wat dit onderlê, te bedink, te beleef en dit gelowig te beoefen, veronderstel selfbewussyn. Daar is voldoende getuienis dat selfbewussyn uit die eeue lange evolusie van die menslike brein stam en dat spirituele belewenisse, as die grondslag van geformaliseerde godsdienste, 'n brein-grondslag het.

Selfbewussyn inspireer mense om oor spirituele belewenisse te praat en te skryf – oor die verlange na 'n verklarende “iets” buite hulself. Dit word gedoen met ekstase, blydschap, verwondering, verligting, deernis, liefde en vrede, 'n mistieke ervaring van eenheid met alles en die omhelsing van 'n meelewende kosmos.

Betreklik onlangs is die brein-grondslag daarvan ontdek – in die temporale lob van 'n normale menslike brein. By mense wat na spirituele belewenisse smag, is dié brein gebied neurochemies besonder aktief. Omdat mense dán gereeld “'n goddelike teenwoordigheid” beleef, word dié gebied soms die “god-kol” genoem.

'n Mens kan redeneer jy hét dié soort belewenisse omdat jy jou oopstel vir “prikkel” wat dit voortbring. Dié prikkels kan enige fokuspunt van jou keuse wees – God, Allah, die meditatiewe Boeddhistiese pad, die natuur, kristalle, sterrestande, die son, die maan, ensovoorts.

Dit lyk dus of die mens evolusionêr toegerus is om die gedagte van 'n god, of enige ander spirituele krag, te ontwerp omdat dit bruikbaar is, jou troos en goed laat voel.

Hieruit lei sommige mense af dat spiritualiteit en godsdienste niks meer is as 'n evolusionêre bepaalde breinfunksie en dat geloof in en aanbidding van 'n god onsinnig is. Dít is egter 'n kortsigtige vertolking.

'n Grondiger vertolking is om te sê die mens hét 'n evolusionêre gegewe kapasiteit om spiritueel of godsdienstig te wees, maar hoe jy daaraan uitdrukking gee, berus op wisselwerking tussen breinfunksies en omgewingsinvloede.

Laasgenoemde sluit in jou opvoeding, kulturele agtergrond, die boeke en geskrifte wat jy lees, die soort opvattinge wat jy verken, en jón keuse van spirituele of godsdienstige prikkels.

Uit dié wisselwerking kom ryk belewenisse wat die allerdiepste betekenis vir mense kan hê en hul lewens gelowig rig.

Dié wisselwerking beteken byvoorbeeld jy aanvaar die evolusionêre erfenis van die “god-kol” én leer terselfdertyd om

deur oortuigde toewyding meer godsdienstig of spiritueel te leef.

Dit is inderdaad geloofsverrykend – ’n diep bewustheid van die ontsagwekkende *mysterium tremendum* waarbinne die mens bestaan.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/is-ons-geloof-in-n-god-bloot-brein-evolusie-20200129>

Our supreme purpose in life is not to make a fortune, nor to pursue pleasure, nor to write our name on history, but to discover this spark of the divine that is in our hearts. — Eknath Easwaran

“Around the world—even in some of the countries most troubled by poverty or civil war or pollution—many thoughtful people are making a deep, concerted search for a way to live in harmony with each other and the earth. Their efforts, which rarely reach the headlines, are among the most important events occurring today. Sometimes these people call themselves peace workers, at other times environmentalists, but most of the time they work in humble anonymity. They are simply quiet people changing the world by changing themselves.”

— Eknath Easwaran, *Your Life is Your Message: Finding Harmony With Yourself, Others, and the Earth*

“Faith is not for overcoming obstacles; it is for experiencing them—all the way through!”

— Richard Rohr, *Radical Grace: Daily Meditations* by Richard Rohr

“To follow Jesus implies that we enter into a way of life that is given character and shape and direction by the one who calls us. To follow Jesus means picking up rhythms and ways of doing things that are often unsaid but always derivative from Jesus, formed by the influence of Jesus. To follow Jesus means that we can't separate what Jesus is saying from what Jesus is doing and the way that he is doing it. To follow Jesus is as much, or maybe even more, about feet as it is about ears and eyes” (*The Way of Jesus*, Eugene H. Peterson, 22).”

“In the state of despair there is nobody and nothing that accepts. But there is the power of acceptance itself which is experienced. Meaninglessness, as long as it is experienced, includes an experience of the “power of acceptance”. To accept this power of acceptance consciously is the religious answer of absolute faith, of a faith which has been deprived by doubt of any concrete content, which nevertheless is faith and the source of the most paradoxical manifestation of the courage to be.”

— Paul Tillich, *The Courage to Be*

Brood vir die pad

Musiek kan ons veelstemmigheid van die lewe leer

RRV

In die komende week word ’n internasionale kongres by die Universiteit Stellenbosch en die Universiteit van Wes-Kaapland

gehou wat op die lewe, werk en nalatenskap van die Duitse teoloog en martelaar Dietrich Bonhoeffer (1906-1945) fokus.

Bonhoeffer se versamelde werke bestaan uit 16 lywige volumes, en hy was waarskynlik een van die invloedrykste teoloë van die 20ste eeu.

Minder bekend is egter die feit dat hy ook ’n musiekkenner en begaafde pianis was. In sy geskrifte is verwysings na musiek dan ook volop.

Met die oog op die Bonhoeffer-kongres het pas ’n Engelse vertaling van ’n boek van die Duitse Bonhoeffer-kenner, Andreas Pangritz, verskyn: *The Polyphony of Life: Bonhoeffer's Theology of Music* (geredigeer deur John de Gruchy en John Morris).

Die titel van dié boek is ontleen aan ’n beeld wat Bonhoeffer in ’n brief uit die tronk aan sy vriend Eberhard Bethge, gedateer 20 Mei 1944, gebruik.

In die lig van ’n vroeëre opmerking deur Bethge aangaande sy verlange na sy vrou, Renate, skryf Bonhoeffer: “Daar is die gevaar in enige passievolle verhouding dat ’n mens nie reg laat geskied nie aan wat ek ‘die polifonie van die lewe’ wil noem.

“Wat dit beteken is dat God verlang dat ons Hom met ons hele hart moet liefhê – nie tot nadeel of verskraling van aardse liefde nie, maar as ’n soort cantus firmus waarmee die ander stemme van die lewe elkeen as kontrapunt kan weerklink.”

Hierdie beeld van Bonhoeffer sluit aan by die Middeleeuse veelstemmige komposisies waarin ’n standvastige melodie (cantus firmus) ’n sekere krag en vryheid aan die ander stemme verleen.

Vir Bonhoeffer is die cantus firmus Christus en die geborgenheid in sy genade, terwyl aardse liefde en strewes uit eie reg, maar in verhouding met die cantus firmus, staan. Daarom is Bonhoeffer veral bly dat ’n boek soos *Hooglied*, as erotiese boek, in die Bybel is. Om ’n Christen te wees behels daarom nie ’n ontkenning van ons passies nie, want as die cantus firmus helder en duidelik is, kan ’n kontrapunt so kragtig moontlik ontwikkel.

Vir Bonhoeffer gee die cantus firmus geborgenheid te midde van moeilike omstandighede en maak dit die soort veelstemmigheid moontlik wat heelheid bring.

’n Paar dae later – in ’n brief ter geleentheid van die doop van die Bethge-egpaar se seun, Dietrich (genoem na Bonhoeffer) – rig Bonhoeffer die volgende woorde aan sy jong naamgenoot: “Musiek, soos jou ouers dit verstaan en beoefen, sal jou van verwarring en besorgdheid na ’n onderliggende noot van vreugde teruglei.”

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/musiek-kan-ons-veelstemmigheid-van-die-lewe-leer-20200117>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877